
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

ONS ERFENIS

"... en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig —" **(Kol I:12).**

" Ek bid ook vir verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van Sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is..." **(Ef. 1: 18).**

Hoe sou jy reageer as jy onverwags in kennis gestel word dat jy benoem is in die testament van 'n ryk familielid wat gesterf het? Ek is seker daarvan dat na die aanvanklike hartseer, jy sal wonder wat hy aan jou nagelaat het. Dan kan ek my jou gevoelens van dankbaarheid en opgewondenheid voorstel wanneer jy uitvind dat 'n groot bedrag in jou bankrekening in betaal is.

As gelowiges in Jesus Christus het ons ook rede om baie opgewonde te raak, omdat die Woord van God ons inlig dat aan ons, saam met al die ander gelowiges oor die wêreld, 'n erfenis nagelaat is. Vir ons om te weet wat dit is, is 'n testament nagelaat wat enige tyd, wanneer ons wil, geraadpleeg kan word.

Om ons erfenis ten volle te waardeer moet ons 'n paar basiese dinge oor 'n testament verstaan. Dit is 'n dokument waarin 'n persoon sy wil bekend maak ten opsigte van wat met sy sake moet gebeur wanneer hy sterf. Gewoonlik, na 'n dood, sal die familie van die afgestorwene byeen geroep word en sal die testament aan hulle voorgelees word. Enige lid van die familie is geregtig op 'n afskrif. Sodat hy met die inhoud vertroud kan raak. Dit is ook 'n regsdokument wat gesag het en daar kan nie mee gepeuter word nie. In geval van 'n verbreking van die bepalings kan daar op 'n regstelsel beroep word om te verseker dat dit behoorlik uitgevoer word.

Baie Christene is geestelik soveel armer omdat hulle nooit verstaan het dat die Nuwe Testament 'n dokument is waarin die wil van God aan hulle bekend gemaak word.

In Matt. 26:26 lees ons die volgende: **"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan Sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam."**

Om Matt. 26:26 reg te verstaan sal beslis 'n groot impak op die lewe van die gelowige hê. Wanneer 'n persoon wedergebore word deur sy geloof in die Here Jesus Christus as Verlosser te plaas, en deel van die familie van God word, kwalifiseer hy outomaties as die ontvanger van 'n erfenis soos in die Nuwe Testament uiteen gesit. Ongelukkig geniet meeste Christene nie die voordeel van hul erfenis nie, as gevolg van onkunde kan hulle nie geloof inspan wat dit 'n werklikheid maak nie. In baie gevalle is die waarheid van hulle "gesteel" omdat hul denke deur tradisionele leerstellings beïnvloed is, wat nie in

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Ons erfnis…. …)
ooreenstemming met die betekenis van die Nuwe Testament is nie. Aan die ander kant het baie Christene deur geen belangstelling in geestelike dinge hulle erfenis net weg gegooi!

'n Mens kan jou voorstel wat sou gebeur as aardse testamente op dieselde manier sou hanteer word as wat die kerk die Testament van ons Here Jesus Christus hanteer! – die wil van die afgestorwene sou geïgnoreer word.

Wanneer het die Nuwe Testament van krag geword?

Meeste mense dink dat die begin van die Nuwe Testament aangetoon word tussen die Boek van Maleagi en die Evangelie van Mattheus. Baie dink ook dat die Nuwe Testament begin met die geboorte van Jesus. Hulle neem nie die feit in ag dat dit deur Jesus aangekondig is in Matt. 26:26 by die geleentheid wat bekend is as die Heilige Nagmaal (Laaste Pasga). Terwyl Jesus die brood gebreek het, het Hy dit met die volgende woorde aangekondig: *"Neem, eet, dit is My liggaam." Terwyl Hy die beker geneem het, het Hy gesê: "dit is my bloed, die bloed van die Nuwe Testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes."* Op daardie oomblik was nie 'n druppel van Jesus se bloed gestort nie, ook het nog niks met Sy liggaam gebeur nie. Daarom moes Hy na 'n gebeurtenis in die toekoms verwys het. Ons weet nou dat Hy verwys het na wat gedurende Sy kruisiging met Hom sou gebeur, wat kort nadat Hy die woorde gespreek het plaasgevind het.

Duidelikheid hieroor word in Heb. 9:15-17 voorsien. Hier word verduidelik dat 'n testament nie inwerking tree voor die dood van die testateur nie, die een wat dit gemaak het. ***Heb.9 :16-17:*** **"Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie."**

Dit is daarom baie duidelik dat die Nuwe Testament begin het die oomblik met Jesus se dood aan die kruis. Om die feit te verstaan is noodsaaklik om die Bybel reg te verklaar. Baie dinge waarna Jesus voor Sy dood verwys het was in konteks met die Ou Testament, wat op daardie stadium nog nie sy krag verloor het nie. Dit is belangrik om die veranderinge te besef wat plaas gevind het toe die Nuwe Testament in werking getree het.

'n Fisiese Demonstrasie van die Begin van die Nuwe Testament

Regdeur die Bybel sien ons hoe God geestelike werklikhede en waarhede verduidelik deur middel van fisiese demonstrasies. In 1Kor. 10 verduidelik Paulus die simboliese betekenis van die water wat uit die rots gevloei het wat Moses geslaan het, soos verwys na in Exodus 17. Hy verduidelik dat die rots Christus was. In Joh. 3 gebruik Jesus ook Ou Testamentiese simboliek om 'n geestelike beginsel aan Nikodemus te verduidelik; netsoos die slang in die woestyn opgelig is (Num. 21:8-9), so moet die Seun van die Mens aan die kruis opgelig word sodat almal wat hul geloof in Hom plaas gered kon word.

Baie meer voorbeelde kan gegee word. Die betekenisvolste simboliese gebeurtenis in die Bybel genoem het plaasgevind die presiese oomblik toe Jesus aan die kruis gesterf het – die voorhangsel wat die allerheiligste plek van die res van die Joodse tempel geskei het, het in twee geskeur, van bo tot onder! Dit was agter die voorhangsel wat God Sy teenwoordigheid aan die hoëpriester in die Ou Testament gemanifesteer het.

Net voor Sy dood het Jesus uitgeroep: **"Dit is volbring ".** Hierdie woorde het beteken dat die sending wat Hom na die aarde gebring het, voltooi was. Die volle betekenis van hierdie voltooide taak is simbolies geïllustreer deur die skeuring van die voorhangsel. Die betekenis van die simboliese gebeurtenis is so verrykend dat dit die Bybel in twee dele verdeel, die Ou en Nuwe Testamente. Die skeuring van die voorhangsel was 'n Goddelike teken wat simbolies die begin van 'n nuwe era aangekondig het, 'n totale nuwe bedeling. Dit word in die Bybel as volg gestel: **Waarmee die Heilige Gees dít duidelik maak, dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Ons erfnis…)

so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie. Dit was 'n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word, wat hom wat die diens verrig, na die gewete nie volkome kan maak nie, omdat dit net bestaan het in spys en drank en verskillende wassinge en vleeslike verordeninge wat opgelê is tot op die tyd van herstelling (Heb.9:8-10). Die Amplified Bybel stel dit as volg: ***"By this the Holy Spirit points out that the way into the true Holy of Holies is not yet thrown open as long as the former (the outer portion of the) tabernacle remains a recognized institution and is still standing. Seeing that the first outer portion of the tabernacle was a parable – a visible symbol or type or picture of the present*** **age … For** ***the ceremonies deal only with clean and unclean meats and drinks and different washings, mere external rules and regulations for the body imposed to tide the worshippers over until the time of setting things straight – of reformation, of the complete new order when Christ, the Messiah, shall establish the reality of what these things foreshadow, a better covenant"*** **(Heb. 9:8-10).**

Die skeiding van die twee verskillende dispensasies in die Bybel lê nie tussen die einde van Maleagi en die begin van Mattheus nie, maar met die presiese oomblik van die skeuring van die voorhangsel in die Joodse Tempel, ooreenstemmend met Christus se dood aan die kruis (Matt. 27:50-51). Sonder 'n volkome begrip van die simboliese boodskap van God daardie dag in die tempel (onthou dit is van bo na onder geskeur), kan 'n mens nie die nuwe bedeling van die Nuwe Testament wat tot stand gebring is ten volle waardeer nie. Ongelukkig ondervind baie Christene nie ten volle die voordele van die "volkome nuwe orde nie" as gevolg van so baie begrippe en praktyke wat nie hul wortels in die Nuwe Testament het nie, maar wat oorgedra is uit die Ou Verbond en gebaseer is op die tradisies van die mens.

Deurdat die belangrikheid van die gebeurtenis nie uitgewys word nie, besef baie nie hoe radikaal dit ons tradisionele begrip van die kerk lewe behoort te beïnvloed nie. As die skeuring van die voorhangsel en waarvoor dit staan nie begryp word nie, kan ons in werklikheid nie ons wonderlike erfenis in Jesus Christus verstaan nie!

Ons lees hierdie kragtige woorde in Galasiërs:

Terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie. Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie! Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself 'n oortreder; want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe. Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe (Gal. 2:16-21).

Ons is verlos uit Satan se koninkryk en van die vloek van die wet en is nou lewend in Christus om in Sy erfenis te deel. Wat 'n wonderlike waarheid om op te mediteer. Laat ons dit waag verby die voorhangsel – van bo tot onder geskeur – waardeur Vader God Sy goedkeuring verklaar het van Sy Seun se offer dood. Sy grimmigheid is bevredig en ons is geregverdig en verlos deur Jesus Christus ons lewende Verlosser en Here.

En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van Sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Ons erfnis)

'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes (Hand. 20:32).

Paulus, skryf aan die Efesiërs en gee aan hulle die wonderlikste bemoediging as gelowiges in die Here Jesus Christus .....

In Hom in wie ons ook 'n ERFDEEL ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil, sodat ons kan wees tot lof van Sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het, in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons ERFDEEL om sy eiendom te verlos tot lof van Sy heerlikheid.

Daarom — vandat ek gehoor het van die geloof in die Here Jesus wat onder julle is en die liefde tot al die heiliges — hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie, dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van Sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van Sy ERFDEEL onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van Sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van Sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan Sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.

En Hy het alle dinge onder Sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat Sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul (Ef. 1: 11 - 23).

Ons leef nou deur die Gees ..... en nie deur die wet nie.

Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2).

Jesus het vir Paulus gesê dat Hy hom na die heidene stuur, die ongereddenes om verlossing deur Hom te preek ..... **Om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n ERFDEEL onder die geheiligdes kan ontvang (Hand. 26:18).** En dit is steeds van krag vandag vir my en jou.

Halleluja! ●

PRAISE IS FAITH IN ACTION

In every thing give thanks: for this is the will of God in Christ Jesus concerning you. (1Thess. 5:18)

When you praise God IN everything (not FOR everything) regardless of your circumstances, you are actually declaring your faith in Him, and this faith pleases God. (Heb. 11:6)

A wonderful Psalm to sing or declare in the midst of turmoil is Psalm 100: **Make a joyful noise unto the Lord all ye lands. Serve the Lord with gladness: come before His presence with singing. Know ye that the Lord He is God: it is He that hath made us, and not we ourselves; we are His people, and the sheep of His pasture. Enter into His gates with thanksgiving, and into His courts with praise, be thankful unto Him, and bless His name. For the Lord is good, His mercy is everlasting; and His truth endureth to all generation.**

It is most important for us to understand the father-child relationship in our walk with the Lord. YOU are His beloved child and never forget it! It is important that you see Him as YOUR MOST LOVING HEAVENLY FATHER. Remember how, when you were a child, you trusted your Dad completely? Everything could be going wrong, but you knew that the moment your dad walked through the door, he would somehow make everything right. To you he was big and wise and wonderful and you believed your *Daddy could fix anything that was wrong.* In your heart you believed that there was nothing which your father could not do!

King Jehoshaphat and his army had exactly the same attitude towards their Heavenly Father: *HE would know how to handle their situation! He was big and wonderful and would walk right over the enemy!* They shouted out that which was in their hearts. They praised and worshipped Him and the Lord did not disappoint them. HE WILL NEVER DISAPPOINT YOU EITHER!

(Continued from page 4 - Praise is faith in Action)

However, take note, we do not praise the Lord FOR all circumstances, but IN all circumstances! **I Thess. 5:16-18.** It would be stupid to praise and thank the Lord for cancer, or a car accident, because these come from the devil and not from our Heavenly Father. There is no way that a loving, earthly father would cause terrible things to happen to his precious child, how much more does our loving, Heavenly Father not care for us? The Bible teaches very clearly that it is the devil who brings things upon us to harm us – he comes to kill, to rob and destroy - but good and perfect gifts come from the Lord who is the giver of LIFE IN ABUNDANCE. This is confirmed by these scriptures: John 10:10: **The thief** (the devil) **cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy**: **I** (Jesus) **came that they might have life, and might have it more abundantly.**

James 1:17: **Every good gift and every perfect gift is from above, and cometh down from the Father of lights, with whom is no variableness, neither shadow of turning.** Sickness and destruction are certainly not good gifts, and God is not the author of them.

You may be totally convinced in your heart that it is Scriptural to praise the Lord with every fibre of your being, yet you still do not put this into action. The excuses are many, eg. I am too shy, I cannot be so emotional, I am not that kind of a person etc. We miss so many blessings by not actively praising the Lord, and only giving mental assent to this truth.

God knows what will benefit us, and He exhorts us to be obedient for our own sakes. There are many things in the Bible, which He commands of us, in spite of our feelings or reasonings. He instructs us to do them because He knows how much our life will be blessed when we obey Him regardless. Take for instance water baptism: Mark 16:16 reads: **He that believeth and is baptised shall be saved.** It does not say anything about our feelings, or the opinions of our denomination, it is a command, and God requires obedience. He knows that once we have been baptised (AFTER having received Jesus as Lord and Saviour), symbolising our death, burial and resurrection with Jesus, it will be easier for us to overcome the enemy. This command is for our benefit as children of the Most High God!! In the Bible it is clear that people first believed on the Lord Jesus and then were baptised.

The same applies to praise and worship. The Bible commands in **Psalm 150:6:Let everything that hath breath praise the Lord.** You have breath, therefore this command is for you and for me, no matter how many excuses we may have. It is there for our benefit.

We get an idea of the great importance that Jesus placed on praise when we read Luke **19:38-40.** Jesus was riding into Jerusalem on a donkey and the multitude was praising Him saying: **Blessed is the King who comes in the name of the Lord! Peace in heaven and glory in the highest!** The Pharisees called to Him from the crowd, and asked Him to rebuke His disciples for praising Him, but Jesus answered them and said to them: **I tell you that if these should keep silent, the stones would immediately cry out. Luke 19:40.**

Let us consider what could possibly hinder us, and prevent us from praising and worshipping God as He requires His children to do**.**

1. <u>SIN AND UNFORGIVENESS</u>: Sin, and especially unforgiveness binds us, especially when we come into the presence of the Lord. We feel convicted and therefore uncomfortable, because we know that God sees our heart and knows all about us and our weaknesses. David, the man of whom God said: "This is a man after My own heart", had the same problem that we all have, namely, sin in our life. However, he was a real worshipper and he understood repentance and the Lord's forgiveness. He always confessed his sins to the Lord as he became aware of them, then repented of them and received God's forgiveness. He said in Psalm 66:18: **"If I regard iniquity in my heart, the Lord will not hear me."** He excelled in praising and worshipping the Lord and he wrote many of the psalms. We know, for example, how he rejoiced and danced before the Lord with sheer joy and gratitude when the Ark of the Covenant was brought back to Jerusalem.

In **Isaiah 59:2** we read: **But your iniquities have separated you from your God; and your sins have hidden His face from you, so that He will not hear.** There is however, a very simple solution to restore our relationship with Him and to feel free to bring Him the praise and worship of which He is worthy. The solution is confession and repentance. **If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins, and to cleanse us from all unrighteousness. (1 Joh. 1:9)**

David literally says that repentance of sins brings the joy of the Lord into one's heart! **Hide Thy face from my sins, and blot out all mine iniquities. Create in me a clean heart, O God, and renew a right spirit within me.** (Ps. 51:9 and 10)

David knew that once his sins were forgiven he could come before the Lord with praise and worship and rejoicing, however as long as there was sin in his life, he could not praise the Lord. Adam and Eve walked with the Lord and fellowshipped with Him in the Garden of Eden, before they sinned by eating of the forbidden fruit. (Genesis chapter 3) After they had sinned they hid from the Lord, for their sin hampered the relationship they had had with God.

2. <u>CONDEMNATION</u>: Once you have sincerely repented of your sins, it is important to know that the Lord has forgiven you. He says in Heb. 8:12 that He will forget your iniquities. If then you know that the Lord has forgiven you, who are you to continue holding this sin against yourself? Do not be like so many

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Praise is faith in Action….)

Christians who stay bound by this trap of the enemy. The devil is the accuser of the brethren and the father of lies and whose aim is to make the children of God feel guilty and condemned even after they have confessed and received God's merciful forgiveness. He does not want you to "feel" God's forgiveness, grace and love, he would rather you "felt" unworthy. Remember that we do not rely on feelings, but on the Word of God, which is forever established. In other words when God tells you in I John 1:9 that if you confess your sins, He will forgive you, then that is exactly what He does, and you must believe His Word, rather than the lies of the devil and your feelings. Those who are more self-conscious than God-conscious often remain in a state of guilt! If you have an over-critical spirit towards yourself and develop a false sense of humility, you become negative and introspective, which is not pleasing to God. With this attitude, you tend to place all the emphasis on yourself, instead of focussing on the forgiveness that was bought for us by Jesus at Calvary. Satan wants to keep you in bondage to guilt, so that you will not feel free to praise and worship the Lord as you should. If you do feel condemned and unworthy, recognise where these "feelings" are coming from, and remember that **Rom. 8:1** says: **"There is therefore now no condemnation to those who are in Christ Jesus, who do not walk according to the flesh, but according to the Spirit."**

The way to walk free from sin and condemnation is found in the following Scriptures. **Submit yourselves therefore to God. Resist the devil, and he will flee from you(James 4:7**), **Looking unto Jesus the Author and Finisher of your faith** (**Heb. 12:2) …… Being confident of this very thing, that He who has begun a good work in you will complete it until the day of Jesus Christ. Philip. 1:6.**

3. <u>TRADITION</u>: "Thus have ye made the commandment of God of none effect by your tradition" (Matt. 15:6) Those of you who receive our newsletter on a regular basis know how strong a stand we take against tradition of man which is not in line with the Bible. Tradition is often based on pride, stubbornness and intellectualism and pride is a sin! (It was because of the sin of pride that Satan was thrown out of heaven!)

Tradition says: "My great grandfather worshipped God in this fashion, so did my grandfather and my father, so it is good enough for me". Anyone who clings to tradition in spite of the fact that it is not based on Bible truth, is usually too proud to admit that they could be wrong or to accept change.

Tradition says that God lives in a church building, where we meet Him once or twice a week for an hour or so, and that we must put on smart clothes, talk in a whisper, and display a religious attitude! We may be able to fool some people, but God knows what we are really like, He knows our heart. It is foolish to think that we leave the presence of God behind when we leave the church building! The Lord does not live in buildings made by human hands – He lives within the hearts of those who have received Jesus Christ as Lord and Saviour and are now His children, and who together make up His church. **(Acts 7:48).** Never forget that God is omnipresent, and knows how rude you were to your husband/wife in the car on your way to church, or how impatient you are with your children and employees. He also knows about your back-biting and "little white lies". The Psalmist says: **"Whither shall I go from thy spirit? or whither shall I flee from thy presence?" (Ps.139:7-12)** Tradition has taught Christians that they should be quiet, stiff and unemotional in the presence of God. Many people think it pleases Him if they display a sombre and pious attitude in church, they appear more 'holy'. Year after year Christians have followed numerous unbiblical man-made traditions even though the Word of God may teach quite the opposite.

The last five Psalms in the Bible tell us exactly how God wants to be praised and worshipped. These Psalms speak of joyful singing, dancing and shouts of joy and the use of various musical instruments.

I trust that you will allow the truth to set you free from denominational tradition. (Joh. 8:32)

4. <u>WORLDLINESS</u>: Jesus assured His disciples that the "world" hated Him, and would therefore hate them. (John 15 verse 18) The world system with all its carnality and lust is opposed to true spirituality. It is impossible to love the Lord Jesus and serve Him in spirit and in truth, whilst still holding onto the world and what it represents. We are told in the book of Revelation that if we are luke warm, God will spit us out. (Rev. 3:16) When we are still toying with the things of this world and the lusts of the flesh, our hearts will condemn us, and we will not have the full liberty to enter into praise and worship the way we should.

Worldly people find it embarrassing to praise and worship God. They feel it is undignified to clap their hands, to dance or sing praises to Jesus, who is the Creator and Saviour of all! They forget all about their "dignity" at rugby matches or at shows, and are able to display their emotions without any inhibitions at all, but they prefer not to get too emotional about the King of kings and Lord of lords!

"What will people think of me if I do that?" is often the thought, which prevents them from honouring and worshipping the Lord in the way in which He desires to be worshipped. A Christian's motive should always be, "how can I please the Lord?" If this is a priority, inhibitions and the fear of man will disappear.

"For they loved the praise of men more than the praise of God" (John 12:43)

"The fear of the LORD is the beginning of wisdom…" (Prov. 9:10)

The number one priority in your life should be to want to please your Heavenly Father, and we know that one of the best ways to please Him is by praising and worshipping Him. If people cannot do this, they have a problem. Never let the opinion of other people prevent you from praising your wonderful Heavenly Father!



UIT DR JAMES SE KANTOOR

Geliefdes in die Here Jesus,

Daar is 'n kragtige vers in God se Woord wat sê: **Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand (Jes. 41:10) .** Dit is so wonderlik om te weet dat ons Hemelse Vader te alle tye met ons is. Maak nie saak wat die omstandighede is nie, Hy is vir ewig by ons om ons te beskerm en te herstel. Baie van die gebedsversoeke wat ons ontvang is gesentreer rondom mense wat nou op die oomblik een of ander verdrukking, depressie het of vasgevang is, en dit is waarom die twee artikels in die maand se nuusbrief belangrik is.

Eerstens om te weet dat as kinders van God ons mede-erfgename met Jesus is en dat aan ons die gesag gegee is oor al die magte van die vyand. **Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie (Luk.10:19).** Dit beteken dat ons gevolmagtigde gesag in die Naam van Jesus het om Satan met die Woord van God te weerstaan en te sien hoedat hy vlug (Jak. 4:7). Dit is deel van ons erfenis in Jesus, daarom kan ek jou verseker dat jy die oorwinning in Hom het. Ons hoef geen vrees te hê nie omdat Jesus sy vrede vir ons gegee het. Hy het gesê **..... Vrede laat Ek vir julle na, My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie (Joh. 14:27).** Die vrug van die Heilige Gees is LIEFDE, VREDE EN BLYDSKAP.

Blydskap is ons krag en die tweede artikel gaan oor PRYS omdat prys "geloof in aksie is" en is magtig om vestings neer te werp en die gevangenes te bevry. Ons kan die Here nooit genoeg prys nie. Dink net aan alles wat Hy vir jou gedoen het en jou lys sal nooit ophou nie. Ek dank Hom elke dag van my lewe vir my verlossing. Dank Hom vir verlossing, vir vergifnis van sonde, vir die verduring van al die marteling en lyding vir my sodat ek vry en vergewe kon word. Kom laat ons Ps.30:11-12 elke oggend saam sing, en elke aanval van stres en druk verdryf:

U het my weeklag vir my verander in 'n koordans, U het my roukleed losgemaak en my met vreugde omgord; sodat my eer U kan besing en nie swyg nie. HERE, my God, vir ewig sal ek U loof.

Wat 'n wonderlike God dien ons!

Die getuienisse wat ons ontvang bevestig Sy goedheid en getrouheid, en ons verheug ons saam met julle almal. Dankie dat julle hulle met ons deel.

Ek wil julle dus aanmoedig om nie op al die onrus en chaos wat op die oomblik in die wêreld aangaan te fokus nie. Moet nie op die Rand/$ verhandeling of op die brandstof prys fokus nie, maar konsentreer op jou magtige Vader God wat die seë in Sy handpalms hou, Hy is steeds in beheer – Hy kan jou verseker bewaar, jou genees, jou beskerm en vir jou voorsien. Moenie ontmoedig en gekwel raak nie, lig jou kop op want Jesus het gesê dat wanneer jy hierdie tekens sien jou verlossing naby is. Jubel omdat ons Hemelse Bruidegom oppad is om Sy Bruid te kom haal. En onthou dat Hy belowe het **... Ek sal jou NOOIT begewe en jou NOOIT verlaat nie (Heb. 13:5).** Halleluja!

Ons wil julle bedank vir al julle liefde, gebede en ondersteuning op elke manier en ons bid dat die Here julle oorvloedig sal seën. Julle is baie spesiaal vir Hom en ook vir ons.

Liefdegroete,

Dr James

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

WAG VIR DINGE OM TE VERANDER.

"...Ek sal dwarsdeur my lyding moedhou totdat ek verligting kry" Job14:14 (Lewende Bybel).

Voordat jy los en opgee in ontmoediging, dink net aan die lang en moeilike proses voordat 'n skoenlapper uit sy kokon kom. As jy probeer om God se doel en proses in jou lewe te verhaas, sal jy 'n misvormde iets produseer, iets wat nie van die grond af kan kom en vlieg nie. Miskien dink jy: "Ek kan nie wag dat dit verby gaan nie." Dit is verstaanbaar. Job kon ook nie. Hy het gesê: "Ek sal dwarsdeur my lyding moedhou totdat ek weer verligting kry." Maar deur God se genade het hy oorleef, en geëindig met twee keer soveel as wat hy verloor het.

Hou dus vas, jou verandering is oppad! God sal jou nie opgee nie, dus moenie Hom opgee nie! Daar is 'n werk wat nou in jou aan die gang is. Iets is besig om te sterf wat moet sterf, sodat iets beter in die lewe gebring kan word. Laat dit gebeur. Sadrag, Mesag en Abednego het vir 'n koning gesê: **"Dat ons u gode nie sal aanbid nie"** (Dan.3:18). Moenie toegee aan versoeking, of aan manipulasie, of goddelose oortuiging nie. Moenie probeer meeding met die bure nie, of toegee aan selfsugtige ambisie en selfverhoging nie. Moenie buig voor die gees van angstigheid en ongeduld nie. Hou aan om deur geloof te wandel en nie deur aanskouing nie, weet dat ... **"(God) mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink..."** (Ef. 3:20). Hulle sê: "*Goeie dinge kom na die wat wag.*" Die deurslaggewende faktor is op Wie jy wag. God sê daar is 'n tyd vir al hierdie dinge (Pred. 3:1). Wag, God sal die stukke laat inpas. Hy sal jou nie teleurstel nie.

Amen en Amen! Wees geseënd! ●

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Middag Dr. James en span. Ek wil net dankie se vir al die gebede. Ek het laas jaar gevra vir gebed vir my dogter se finansies. Sy het baie swaar gekry. Die seun het n goeie werk gekry. My dogter het vandag by die. Bank begin werk. Ek is so gelukkig vandag haar eie kantoor. Hulle bied n goeie salaris aan nou kan sy haar skuldjies betaal. Ons kan net vir God loof en prys!! Hy stel ons nie teleur. Baie dankie vir julle gebede.

Claudine

Met ons gaan dit nog goed, hoop om dieselfde van u en almal te hoor. Eerstens wil ek getuig hoe goed God vir my is. Ek het die sentrum gebel vir gebed vir my rug wat so pynlik was. Ek kon nie eersreguit loop nie, of selfs buk. Nadat daar vir my gebid is, is my rug weer gesond en die pyn is weg, ek kan weer aangaan met my werk soos voorheen, ek gee al die lof en eer aan Jesus. Hy is die Groot Geneesheer!

Mnr M Strydom, Pullenshoop

Ek het 'n tyd terug geskryf en gevra dat julle asseblief saam sal bid dat ek en my liewe man 'n babatjie kry. Wel met alle opgewondenheid, verstomming en blydskap kan ek sê ons is nou swanger met 'n baba dogtertjie! Prys ons Hemelse Vader wat ons seën!!

Jackie du Bruin, Stellenbosch

Baie dankie vir julle gebede wat vir my oog opgegaan het. Ons Hemelse Vader het my oog aangeraak en volmaak genes. Mag ons Vader julle ryklik seën met krag uit die hoogte, asook goeie gesondheid. Ons dien 'n groot en Almagtige Hemelse Vader!! Alle Eer aan Hom!

Mnr Marais, Welkom

Ek wil vir julle laat weet dat Michelle se niere nou heeltemal genees is. Baie, baie dankie!! Alle lofprysing eer en dankbaarheid aan ons Here Jesus wat genees, wat nooit verander nie. Sy woord staan vas vandag, more en tot in alle ewigheid. Prys die Here!! My dank aan julle almal vir die voorbidding. Liefde groete in Jesus.

Oom Jannie Betser, Pretoria

Ek het gebel om gebed vir Bernard te vra toe hy baie siek was. Deur die genade van die Here is julle en ons gebede verhoor. Ons gee al die eer aan die Here.

Mev S Oosthuizen, Secunda

Weereens kan ons die Here nooit genoeg dankie sê vir Sy liefde en genesende krag nie. Ek het julle gevra vir voorbidding vir my skoondogter wat 'n ongeluk gehad het met haar motor. Sy was in so 'n verskriklike toestand, dokters het verklaar dat sy nooit weer sal herstel nie. Haar brein selle was heel beskadig. Vandag is sy heeltemal normaal, sy praat, lag, en loop, en ons gee al die eer en lof aan ons Here Jesus!!

Mev T du Preez, Durban

Ek het gebel en gevra vir voorbidding vir hoë bloeddruk en osteoartritis. Ek het alle pille gestaak, ek het dit nie nodig nie. Dankie liewe Jesus dat daar vir my genesing gekom het deur U wonde. Mag die Here ook vir julle seën. Baie liefde.

Mnr W van der Westhuizen, Kaapstad

Graag wil ek u meedeel. 'n Wonderwerk het met my gebeur! U het vir my man gebid. Hy is volkome genees van asma!! Ons kan nie die Here genoeg dank nie! Baie dankie vir julle gebede. Ere aan die Groot Geneesheer!

Mev N Viljoen, Wolmaransstad

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: **Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, Rek. No 53730091667, Tal Kode: 220129, Stanger**